

lede van die Llanga-tak was? En indien sulke persone hier is, ken hulle uit. -- Niemand in die voorste ry nie.

Tweede ry? -- 22.

Dit is nou lede van hierdie Llanga-tak saam met jou in 1962, nê? Jy wys 22 uit. Enigiemand anders in daardie ry? Niemand anders wat ek ken nie.

Ja, die volgende ry. -- Niemand in daardie ry nie.

Volgende ry. -- 36, 37. Ek ken die anders nie. 40. Ek ken die anders nie.

Het enige van hierdie persone wat jy nou uitgewys het, enige van hierdie twee vergaderings bygewoon van wat jy ook bygewoon het? -- Ek sal graag dat hulle eers opstaan dat ek uitwys wie was by die eerste vergadering.

Waar was die eerste vergadering gehou? -- Llanga in die lokasie.

Wanneer? -- In '62.

Kan jy onthou watter maand of ongeveer? -- Nee, ek weet nie watter maand nie.

Kan jy sê of dit die eerste helfte of laaste helfte was miskien? Of die middel van die jaar, die end van die jaar, die begin, voor die winter na die winter of gedurende die winter? -- Ek dink dit was so in die middel van die jaar.

Ja, en die tweede vergadering wat jy van praat waar was dit gehou? -- Ook in Llanga, Makana Square

Wanneer ongeveer was dit gewees? Watter jaar eers? -- Ook in '62.

Lank of kort na hierdie eerste vergadering waarvan jy nou melding maak? -- Kort na die eerste een.

Nou goed. Jy sê kan jy uitwys wie die eerste vergadering bygewoon het en die tweede vergadering. -- Ja.

Nou die persone wie jy nou van melding maak, is dit die beskuldigdes reeds deur jou uitgewys of ander of hulle en andere? -- Van die wat ek uitgewys het.

Ken jy die ander beskuldigdes glad nie, behalwe die paar? Kyk, jy het No.s 22, 36, 37 en 40. Behalwe hierdie vier

persone is daar enige van die ander beskuldigdes wie jy ken?

— Niemand anders nie.

Nou wat die vier betref, hierdie vier persone betref, het enige van hulle vier die eerste vergadering bygewoon? — Die drie wat daar egter staan.

Dit wil sê No. 36, 37 en 40, die eerste vergadering bygewoon? — Ja.

Was enige van hulle voorsitters gewees van die vergadering? — Ja, No. 40.

Nou goed wat betref die tweede vergadering, wie het die tweede vergadering dan bygewoon? — Weer die drie selfde.

En wat van No. 22 hoe ken jy hom? — Ek het hom gesien by 'n ander vergadering by Nyanga.

Wanneer was dit gewees? — '62.

Wanneer in '62, kan jy onthou? — Ek onthou nie watter maand nie, maar dit was so rondom in die middel van die jaar.

Nou wat se drie vergaderings was hierdie gewees, van watter organisasie? — A.N.C.

Ken jy enigeen van hierdie vier persone as A.N.C. lede toe jy aangesluit het? — Ek ken hulle.

Het hulle voorheen aan die A.N.C. behoort of nie, toe jy aangesluit het? — Ja.

Alvier van hulle? — Ja.

Nou hierdie drie vergaderings wat jy hierdie Hof van vertel het, hoe het hierdie vergaderings vergelyk met die A.N.C. vergaderings van die jare toe jy aangesluit het? — Ben en dieselfde vergadering.

Die sprekers? Dieselfde sprekers of verskillende sprekers wat by die vergaderings opgetree het? — Dieselfde sprekers.

Ken jy 'n man met die naam van Lookemart Solwandle, andersins Mbuthle? — Ek ken hom.

Waarvandaan af ken jy hom? — Ek het hom ook gesien by die vergaderings.

Watter vergaderings? Hierdie drie in 1962 of die

vergaderings van die A.N.C. toe jy lid geword het? -- In die vergaderings van '62.

Wat het hy daar gedoen op die vergaderings? -- Spreker.

Nou kyk hierdie drie vergaderings in 1962 het hy aldie toegesprek, Nguthle, of een of twee? Kan jy onthou? -- By een vergadering.

Was daar enige saluut of enigiets gegee by enige van hierdie vergaderings, wat jy gesien het? Weet jy nie wat 'n saluut is nie? -- Nee.

Toe jy by die A.N.C. aangesluit het, toe jy vergaderinge bygewoon het? Hoe, het hulle mekaar toe gegroet, die lede? Verstaan jy die vraag? -- Ek verstaan.

Was daar 'n spesifieke groet gewees op vergaderings? -- Nee.

Het jy ooit op enige A.N.C. vergaderings gesien dat enige tekens gegee was, voor inbandoening? -- Ja, daar was.

Wat was die teken gewees? Kan jy net aan die Hof wys? -- Gebalde vuis gelig en duim op dan sê hulle: May-bujê Afrika.

Dis toe jy lid geword het? -- Ja.

En hierdie vergaderings in 1962? Wat was die posisie daar? Was daar enige groet of teken gegee? -- Ja.

Wat was hierdie teken gewees? -- Gebalde vuis dan word dit gesê: Amanza.

Weet jy watter organisasie se groet is dit, Amanza met die gebalde vuis omhoog? -- Nee, ek weet nie.

Was hierdie groet op albei vergaderings gegee? -- Ja.

CROSS-EXAMINATION BY MR. WEINKOVE: Now when did you join the A.N.C.? -- 1958.

Did you attend meetings with the A.N.C.? -- Yes.

Do you know that the A.N.C. was banned? -- No.

This Youth League that you speak about is this the same as the A.N.C.? -- Yes.

When did this change take place in the name? -- In 1960.

Why did they change? -- I don't know why it was changed. I just heard that the name was Youth League.

Why do you say that the A.N.C. and the Youth League are the same thing? -- Because the people that I used to go with in the A.N.C. were the same people that I went with in the Youth League.

Any other reason? -- No other reason.

Did you belong to the Vigilance Association? -- No.

These three meetings that you went to what did they speak about at these meetings? -- People were told to join the organisation.

Which organisation? -- The Youth League.

Did they speak about the beer halls there? -- Yes, that was also discussed.

Did they speak about Chief Mantanzima? -- No.

Did they talk about joining the Workers Union? -- No, I never heard it.

How much did you pay to belong to this Youth League? -- 2/-.

Where did you pay this? -- In 1958.

2/-? -- I'm not sure whether it was 2/6d.

Before 1960 did you go to A.N.C. meetings with accused No. 22? -- Yes.

Since then have you ever seen accused No. 22 at a meeting? Since 1960. -- Yes.

Where was this? -- Nyanga West.

Did you attend any meetings in 1961? -- Yes.

What meetings were these? -- Open meetings.

Of what? -- The organisation.

What was its name? -- A.N.C.

And in 1962? -- And also in '62.

And in 1963? -- In 1963 I was at home.

What year is it now? -- 1964.

These meetings you attended in 1961, what were they called? Were they called A.N.C. meetings or were they called Youth League? -- Youth League. At a general discussion amongst the people.

In 1960 did you attend meetings of this organisation? --

No, I never went.

How will you pick out from the accused again which of them you've seen at meetings and if you know their names, tell me their names. Do you want them to stand up? -- I want them to stand up. I can't see their numbers. Nobody in this row. 22.

What is his name? -- Loza.

Yes, anyone else there? -- Nobody else in that row. I don't know those. 36, 37. Tayo and Hendriks.

Which one is Tayo? -- 37.

Anyone else in that row? -- Nobody else in that row.

And the last row at the back, anyone there? -- 40, Xamlashe.

Who was chairman at the first meeting you told this Court about? -- Hendriks.

Which one is he? -- 36.

Didn't you tell the Prosecutor that accused No. 40 was the chairman? -- At another meeting.

Didn't you say at the first meeting accused No. 40 was the chairman? -- No.

I put it to you that you did. Now if you attended meetings in 1961 of this organisation, why didn't you tell the Prosecutor about it? -- He never asked me.

What did he ask you? -- He asked me meetings that I attended.

Yes and why didn't you mention meetings in 1961? -- I told all the meetings that I attended.

Remember the Prosecutor asked you what activities you took part in after 1960. -- Yes.

Isn't 1961 after 1960? -- Yes, it comes after 1960.

Were you endorsed out of the Cape? -- Yes, I was endorsed out in 1962.

Did you ever speak at a meeting? -- Yes.

What meeting was this? -- At Llanga.

Was it one of the ones you've mentioned? -- Yes.

Which one? -- The one at Makana Square.

Were you arrested after that meeting? -- Yes.

Were you then endorsed out? -- Yes.

Now have you ever heard of the "M" Plan? -- No.

Did this organisation hold all its meetings in public, this Youth League? -- Yes.

Who asked you to speak at this meeting? -- Makothliso.

What did you speak about? -- I said people must come to the organisation.

Did you play a leading roll in this organisation, this Youth League? -- No.

But you were a speaker at one of their meetings. -- That was the first time I'd spoken.

Did you know a lot about this Youth League? -- No.

Did you know that this Youth League was a banned organisation? -- No.

Did you think you were committing an offence by speaking at that meeting? -- No.

Were there police at this meeting? -- Yes.

So you spoke at the meeting but you didn't know you were committing an offence? -- Yes.

And you've never heard of the "M" Plan? -- No.

Were you an ordinary member of that time or were you a committee member? -- Just an ordinary member.

Did they often ask an ordinary member to speak to your knowledge? -- Anybody was elected and asked to speak.

HERONDERVRAGING DEUR AANKLAER: Was jou naam deur die polisie afgeneem by hierdie vergadering wat jy toegesprek het? -- Ja.

Op watter stadium was jou naam afgeneem? Na die vergadering of terwyl jy nog gepraat het? -- Na ek klaar gepraat het is ek geroep.

Toe jy hierdie toespraak gemaak het, eë jy het jy nie geweet jy pleeg 'n misdad nie, nê? -- Nee.

Maar terselfdertyd, is dit korrek, het jy ook nie geweet dat die A.N.C. in die ban gedoen is nie? -- Nee.

Het dit aan jou nou saak gemaak of dit nou onder die

naam gaan van A.N.C. of Youth League hoe het jy dit beskou?  
 Namens watter organisasie lewer jy nou 'n toespraak? --  
 Onder die A.N.C.

HOF: Kyk, jy het gesê dat jy het in 1961 vergaderings byge-  
 woon. Jy het gesê dat dit vergaderings van die A.N.C. was. --  
 Ja.

Maar jy het ook gesê dat dit bekend gestaan het as Youth  
 League vergaderings. -- Dit was genoem op daardie twee name.

Was dit op altwee die name genoem? -- Ja.

En in 1962? -- As daar vergaderings gehou word dan word  
 dit genoem die Youth League.

ONDERVRAGING DEUR AANKLAER: VELILE FELIX MTLOKO: v.o.e.

(HOF: waarsku getuie - medepligtige).

Jy is 'n volwasse Bantoeman? -- Ja.

Weet jy dat die A.N.C. op 'n sekere stadium in die ban  
 gedoen was, nl. in 1960? -- Ja, ek onthou dit was geban.

Nou voor die inbandoening was jy toe 'n lid van die A.N.C.  
 gewees? -- Ja, ek was.

Van watter tak? -- Athlone-tak.

Was jy 'n gewone lid? -- Lid van die komitee.

BELT 120.

Het enige van die beskuldigdes nou voor die Hof saam met  
 jou op die komitee gediens of net lede gewees van daardie tak?

-- Niemand in die voorste ry nie. Niemand in hierdie ry nie.

Derde ry? -- No. 28.

Wat was hy gewees, 'n gewone lid of 'n komitee lid? --  
 'n Komitee lid

Enigiemand anders? -- Niemand anders in daardie ry nie.  
 Niemand daarso nie. Niemand in daardie ry nie.

Segs die een dan. Nou na die inbandoening onmiddellik  
 daarna het jy toe ook aktief deelgeneem in die A.N.C. of het  
 jy dit links laat lê vir 'n tyd? -- Ek het toe 'n bietjie  
 opgehou na die verbanning in A.N.C.

Nou is dit ook korrek dat in Januarie 1963 het jy vanaf  
 Athlone na Llanga verhuis? -- Llanga.

Nou nadat jy in Llanga aangekom het, het jy verder gegaan

met die bedrywighede van die A.N.C. of weer van voor af begin of nie? Het jy weer van nuuts af aan jou lidmaatskap hernu of aangegaan met die bedrywighede van die A.N.C.? -- Ja.

Nou hoe het dit gebeur dat jy weer die bedrywighede begin voortsit het? -- Iemand het my gevra om aan te sluit.

Wanneer was dit gewees? -- Junie 1963.

Is daardie persoon in die Hof? As hy hier is, wys hom uit. -- Ja, 36.

Nou wat het hy vir jou gesê? -- Hy het gesê ek moet aansluit, die leiers is gearresteer.

Het hy gesê by wat moet jy aansluit, by watter organisasie? -- Die organisasie van die jeugde.

Het hy vir jou gesê watter organisasie is dit? Beskryf, vertel daarvan? -- Ja, hy het gesê die Jeugde Organisasie, Olutja.

Het hy vir jou gesê wat is die doel van die organisasie? -- Ja.

Wat het hy gesê? -- Aangesien die leiers gearresteer is, daar moet sekere gelde inbetaal word vir die kinders van die leiers dat die kinders nie moet hongerly nie.

Nou watter leiers het hy na verwys? Weet jy? -- Die leiers van die A.N.C. wat gearresteer was.

Moes jy bydra? -- Ja.

Hoeveel? -- 2/-.

Ken maal of meer as een keer? -- Dit het gesê elke slag as hulle omkom dan ek moet bydra dan moet ek bydra.

En hoe gereeld het hulle omgekome? -- Een maal 'n maand. As jy die geld gehad het as hulle omkom.

En het jy meer as een keer bygedra? -- Twee keer.

En aan wie het jy die twee keer die geld oorhandig? -- No. 36.

Weet jy wat is die Engelse naam van hierdie organisasie vir die jeugdiges? -- Youth League, Olutja Youth League.

Nou het jy enige, nadat jy nou weer by die A.N.C. of Youth League wat jy dit nou noem, aangesluit het, het jy enige byeenkoms of vergadering bygewoon, enige plek? -- Ja.



Hoeveel keer? -- Twee keer.

Wanneer was dit? Kan jy onthou? -- 1963.

Ja, maar was dit nou, kyk jy het gesê jy het in Junie lid geword. -- Ja.

Nou wanneer was die twee byeenkomste of vergaderings ge-wees? -- In Junie.

Die selfde maand nog. -- Ek dink die een was in Junie en die een in Julie.

Waar was dit gehou? -- Die eerste een in die huis van beskuldigde 36.

Die tweede een? -- Aangesien dit nog vreemd daar was ek weet nie in wie se huis dit was nie, maar dit was in een van die kamers in die zone.

Ook in Llanga? -- Ja.

Laat ons net met die eerste vergadering handel nou, net die eerste een wat by die huis van Hendriks, No. 36, gehou was. Ek wil hê jy moet kyk of enige van die beskuldigdes nou voor die Hof daardie vergadering bygewoon het. -- Niemand in die voorste ry nie.

Tweede ry? -- Niemand in die tweede ry nie.

Derde ry? -- Niemand in die derde ry nie.

Vierde ry? -- 36, 39.

Ja, gaan aan. Niemand verder nie. 43. Dit is al.

Die drie van hulle dan, nê. Weet jy wie was die voor-sitter op hierdie vergadering? -- 39.

Wat se vergadering was dit gewees hierdie? Was dit sommer net 'n gesels bymekaarkom of was dit 'n vergadering van 'n organisasie? -- Dit was 'n organisasie.

Watter organisasie? -- Youth League.

En wat was gesê op die vergadering? Kan jy onthou?

Wat was bespreek daar? Ek verwag nie dat jy alles onthou nie, maar wat jy onthou. -- Wat ek onthou dis gesê om ons in kennis te stel van die leiers wat gearrester is. Ons moet behulpsaam wees met hulle families.

Is dit al wat jy kan onthou? -- Dit is gesê ons moet

behulpsaam wees vir hierdie leiers wat gearresteer is want hulle het vir ons gewerk.

Nou die tweede vergadering kan jy onthou wie daar was?

-- Ja, ek onthou.

Wie was dit? -- 36, 43, 39.

En wie was die voorsitter op hierdie vergadering? -- Nguthle.

Ken jy hom by 'n ander naam? -- Solwandle.

Wat was op hierdie vergadering bespreek? -- Dit is eers verduidelik aan ons ons moet ons goed gedra aangesien die leiers gearresteer is.

Wie het dit verduidelik? -- Nguthle.

Ja, nog iets? -- Ek onthou niks verder nie.

Nou het jy vir Nguthle geken voor inbandoening van die A.N.C.? -- Ja, want hy was 'n lid.

Van die A.N.C.? -- Ja.

En na inbandoening? -- Ek het hom geken.

En na inbandoening? -- Ek het hom geken.

Was hy 'n lid van die A.N.C. of nie? -- Lid van die Youth League.

Weet jy watter posisies het hy bekleed? -- Organiseerder.

Van wat? Van die Youth League of van die A.N.C. voor of na inbandoening? -- En van die A.N.C. voor in bandoening. Hy was maar daar 'n hoof gewees in die A.N.C.

CROSS-EXAMINATION BY MR. ODES: Now, after the A.N.C. was banned, you didn't take part in any of the activities until January, 1963. -- Yes.

Did you do nothing in the meantime? -- Yes, just quiet.

Now what made you change your mind? In 1963. -- I was organised.

COURT: The witness testified that in 1963 in January, he moved from Athlone to Llanga. There he was asked to join.

MR. ODES: Now, did you know that the A.N.C. was a banned organisation? -- Yes.

Why did you join it in 1963? -- Under the name of Youth League.

You thought that if you joined the Youth League, it wouldn't be the same as the A.N.C.? -- Yes.

Why did you think that? -- Because its aims were different and the names are different.

So these two weren't, as far as you were concerned, they were different organisations? -- Yes.

Do you know who No. 36 is? -- Hendriks.

How who else have you identified here today? -- 39.

Who is he? -- I know his surname, Koko.

Who else? -- 43.

Who is he? -- September.

Did these people also know that the aims of these two organisations were different?

AANKLAER: Hoe kan my geleerde vriend dit nou van hierdie getuie verwag om 'n ander man se geheue te weet?

MR. ODES: If he doesn't know, he can simply say he doesn't know. How long were you in this organisation, the Youth League? -- I joined in June, 1963.

And how long did you remain in that organisation? -- Two months.

And is it correct to say then that as far as you were concerned, you joined the Youth League because the aims were different from the A.N.C. and they were different organisations? -- That's what I think.

HERONDERVRAGING DEUR AANKLAER: Kan jy vir die Hof verduidelik die feit dat beskuldigde 36 aan jou gesê het dat die Youth League is nou gestig omrede die leiers van die A.N.C. gearresteer was, watter indruk het dit op jou gemaak wat betref die verhouding van die Youth League tot die A.N.C.? -- Ek het gevind hulle verander.

Ja, maar kyk ek bedoel No. 36 eê vir jou die leiers van die A.N.C. is gearresteer. -- Ja.

Wat het dit te doen met die rede, het hy vir jou verduide-

lik wat het dit te doen met die rede waarom die Youth League geestig is...

HOF: Hy het mos gesê die leiers is gearresteer en hulle moet die families van die leiers help dat die kinders nie honger ly nie.

AANKLAER: Ja, dit is waar.

HOF: Die Hof is tevrede met die getuie se getuienis.

BELT 121. 4 JUNIE 1964.

ONDERVRAGING DEUR AANKLAER: LUCAS SIGWILI: v.o.e.

(HOF: waarsku getuie - medepligtige).

Jy is 'n volwasse Bantoeman. -- Ja.

Was jy ooit 'n lid van die A.N.C. gewees? -- Nee.

Het jy nooit by die A.N.C. aangesluit nie? -- Ja,

verlede jaar.

Wat het jy bedoel toe jy gesê het jy was nie 'n lid van die A.N.C. gewees nie? Kan jy net verduidelik? -- Ek het net aangesluit voor ek geweet het wat die doel van die doel van die A.N.C. was ek gearresteer.

Jy was nie lid van die A.N.C. voor inbandoening gewees nie? -- Nee.

En wanneer het jy aangesluit by die A.N.C. verlede jaar? -- Junie.

Wie het jou gewerf om by die A.N.C. aan te sluit? -- Looksmart Nguthle.

Hou hoe het dit gebeur dat Looksmart jou gewerf het om by die A.N.C. aan te sluit? Was dit net terloops, het hy na jou huis toe gekom of het hy jou by jou werplek gekry? -- Hy het na my huis toe gekom.

Toe Looksmart vir jou gevra het om by die A.N.C. aan te sluit was jy bewus van die feit dat die A.N.C. in die ban gedoen was? -- Ek het nie geweet nie.

Het Looksmart, het jy hom gevra om die A.N.C. aan jou te verduidelik of nie? Die funksies, die doelstellinge? -- Ek het hom gevra.

En was dit aan jou verduidelik? -- Hy het gesê hy kan nie verduidelik aan my nie, nie oor ek aansluit nie, want

daar is baie goed wat hy aan my moet verduidelik.

Dis nou die A.N.C.? -- Ja.

Het jy toe aangesluit? -- Ja.

Hoeveel het jy betaal of het jy niks betaal nie? -- 2/-.

Aan wie het jy die 20 sent betaal? -- Aan hom gegee.

En nadat jy aangesluit het, jou lidmaatsfooie betaal het, was dit toe aan jou verduidelik, die doelstellings van die A.N.C.? -- Hy het nie alles verduidelik nie. Hy het net gesê die doelstellings is te veg teen die Paswet. Hy het gesê die ander goed sal hy op 'n later stadium vir my verduidelik as ons kans kry.

Was enigiets aan jou gesê van, moes jy enige vergaderings bywoon of is aan jou vertel waar kan jy vergaderings bywoon as A.N.C. lid, watter tipe van vergadering? -- Hy het gesê hy sou my gaan haal het en daar sou alles aan my verduidelik word het.

Het hy enigiets van spesifieke vergaderings gesê? -- Hy het gesê as hy kans kry sal hy my kom haal en na 'n vergadering toe neem.

Het jy al ooit die naam van die African Youth League gehoor? -- Nee.

Die naam gehoorvan Olutja? -- Ek het net gehoor as hulle daarvan praat.

Van Olutja? -- Ja.

Weet jy wat is Olutja? -- Jong mense.

Van wat? Watter vereniging is dit nou? Kan jy verduidelik? -- Al wat ek weet is die woord Olutja meen alle jong mense.

Nou nadat jy 'n lid van die A.N.C. geword het, het jy enige vergaderings bygewoon? -- Voor ek gegaan het, is hierdie man, Lookmart, gearresteer.

Ek vra of jy vergaderings bygewoon het. -- Nee.

Het Lookmart op enige stadium aan jou enige vergaderings gemeld of plekke gemeld waarheen jy kan gaan om meer van die A.N.C. te leer? -- Nee, hy het my nog nie gesê nie.

Ken jy enige van die beskuldigdes voor die Hof? --  
Nee, nie in die voorste ry nie.

Tweede ry. -- No. 24 ken ek. Ek werk saam met hom.  
Niemand in daardie ry nie. Niemand in daardie ry nie.  
Niemand in daardie ry nie.

Het jy en No. 24 ooit enigiets in gemeen gehad wat  
politiek betref in enige opsig? -- Nee.

Het jy al ooit gehoor van die woord R.E.C. of Regional  
Executive Committee? -- Ek het gehoor dat hulle gepraat  
het van Regional.

Enige van hierdie beskuldigdes voor die Hof van die  
Regional gepraat? -- Daar is 'n man wat by my gekom het en  
gesê het hy wil my graag sien.

Weet jy wat sy naam of sy van is? -- Hy het gesê hy  
is September.

Is daardie persoon in die Hof?

MR. WEINKOVE: This witness has already indicated that he  
only knows No. 24 of the accused. This is cross-examination  
that he is going to submit to him that he knows other people  
other than 24.

AANKLAER: Ek het hom gevra uitdruklik wie hy ken.

COURT: He said he knew only accused No. 24. They work  
together. He didn't ask had he seen any of the accused.

AANKLAER: Is hierdie persoon hier? -- Nie in die voorste  
ry nie. Nie in hierdie ry nie. Nie in daardie ry nie.  
Nee, ek sien hom nie in daardie ry nie. Hy lyk soos beskul-  
digde No. 43.

Nou wat het hierdie persoon, September, vir jou gesê,  
soos beskuldigde 43 vir jou lyk? -- Hy het aan my verduide-  
lik dat alle pogings moet aangewend word om geld bymekaar  
in te samel om vrouens te behulpsaam te wees vir die mans  
wat gearresteer is.

Waarvoor is hierdie mans gearresteer? Het hy gesê? --  
Nee, hy het nie verduidelik nie.

Het hy jou enige plek heen geneem of het hy net daar

by die huis met jou gesels? -- Ons was nie in my huis nie, ons is na 'n ander huis toe.

Waar is die huis? Watter lokasie? -- In die rigting van Nyanga-Oos.

Wanneer was dit gewees? -- Ek dink as ek nie verkeerd is nie, dit was so rondom Septembermaand.

Van watter jaar? -- Verlede jaar.

Hou was daar ander mense by die huis of was dit net jy en beskuldigde 43, die plek wat julle na toe gegaan het? -- Daar was vier mans alles tesame.

En wat was daar bespreek as daar enigiets bespreek was? -- Dit is verduidelik hoe om geld in te sanel.

Vir watter doel? -- Om die mense te help wie se mans gearreesteer was.

Was dit daar gesê wat hierdie mans gedoen het? -- Nee.

Was die naam van 'n organisasie daar genoem? -- Nee.

Kan jy enige ander name onthou van die mense wat daar was, jy sê julle was vier gewees. -- Nee, ek ken hulle nie.

Was dit aan jou gesê hoekom jy gehaal was na hierdie vergadering toe? -- Dit is die wat ek nou verduidelik het dat elke een moet probeer geld by te dra vir hierdie doel wat ek alreeds verduidelik het.

Ja, maar was jy 'n lid van die Region gewees, dat hulle jou kom haal daar, wat jy sê wat hy jou na toe gevat het? -- Nee.

Het hy verduidelik hoekom hy jou soontoe kom haal het, vir watter doel? -- Hy het gesê ek wil jou hê om daar te gaan dat ons dit bespreek oor die wat ek alreeds verduidelik het, toe ons daar kom het hy my toe vertel wat ek nou aan die Hof verduidelik het.

Het jy enige ander byeenkomste bygewoon, vergaderings bygewoon, behalwe hierdie een wat jy nou van vertel het? -- Nee.

Het jy vir No. 24 vertel dat jy by die A.N.C. aangesluit het? -- Nee.

Jy en 24 enige stadium ooit van Looksmart gepraat? --  
 Ek het vir hom gevra of hy Looksmart ken.

En toe? -- Hy het gesê hy ken hom.

Het hy gesê van waar af ken hy hom? -- Hy het gesê  
 hulle was saam in die organisasie voor die verbanning.

Hy en Looksmart? -- Ja.

Het hy iets gesê wat sy verhouding tot die organisasie  
 nou was na die inbandoening? -- Nee, ons het dit nie bespreek  
 nie.

Nadat jy die ledegeld betaal het, 20 sent, het jy weer  
 betaal daarna? -- Nee.

NO QUESTIONS BY DEFENCE.

ONDERVRAGING DEUR AANKLAER: JOHNSON GILADILE: v.o.e.

(HOF: waarsku getuie - medepligtige).

Jy is 'n volwasse Bantoeman. -- Ja.

Het jy ooit aan die A.N.C. behoort? -- Ja.

Weet jy dat die A.N.C. in die ban gedoen was? -- Ek  
 het nie geweet nie.

Wanneer het jy nie geweet nie? Weet jy nou nog nie, of  
 het jy nie geweet toe jy aangesluit het nie? -- Ek het nie  
 geweet toe ek aangesluit het nie.

Weet jy nou daarvan? -- Ja.

Wanneer het jy aangesluit? -- 1961.

Wanneer in 1961? -- Ek onthou nie meer die maand nie,  
 maar dit was in die begin van die jaar.

Nou waar het jy aangesluit? By jou huis? -- By 'n  
 vergadering.

Waar was die vergadering? -- Daar tussen Nyanga Oos en  
 Nyanga Wes in die veld.

Was dit 'n oop plek gewees, maklik sigbaar vir ander  
 mense? -- Nee, dit was nie sigbaar nie.

Wie het jou daarheen geneem? -- Ngqunge.

Sal jy kyk of hy in die Hof is asseblief. -- Nie in  
 die voorste ry nie.

Tweede ry. -- No. 23.



Het hy jou gesê watter vergadering dit sal wees? —

Ek het gehoor by die vergadering.

Was beskuldigde 23 self teenwoordig by die vergadering of nie? — Ja.

Wat se vergadering was dit gewees? — Dit was 'n vergadering van mense wat kon aansluit as hulle wou aansluit.

En waarby kon aansluit as hulle wou? — Die organisasie

Watter organisasie? — Die A.N.C.

Wie was die sprekers op hierdie vergadering gewees? — Nguthle.

Wat het hy gesê? — Hy het gesê ons moet aansluit by die organisasie.

Watter organisasie? Noem die naam. — Die A.N.C.

En toe het jy aangesluit? — Ja.

By wie het jy daar aangesluit? — By Nguthle.

Wat moes jy doen om aan te sluit? — Ek het my naam ingegee.

Ja, nog iets? — My naam en van ingegee.

Ja, moes jy nog iets doen? — Hee, niks nie.

Waar was No. 23 toe jy jou naam vir Nguthle gegee het? — Hy was daar.

En was enigiets aan jou gesê hoe jy sal weet van toekomstige vergaderings, hoe julle in kennis gestel sal word nou dat jy 'n lid was? — Dit is gesê beskuldigde No. 23 sal gestuur word.

Wie het so gesê? — Nguthle.

Was No. 23 toe teenwoordig? — Ja.

En het No. 23 toe vir jou enige boodskappe vir enige byeenkomste van watter aard ookal op 'n later stadium gebring soos Nguthle gesê het? — Hy het my toe kom vertel van 'n vergadering.

No. 23? — Ja.

Waar was dit gewees? — Dit was in 'n bos.

Voor julle nou by die bos kom, het jy ooit enig iets anders bygewoon vanaf die dag wat jy aangesluit het tot die dag toe jy na die bos toe gegaan het? — Na 'n party

toe.

Waar was die party gewees? -- Ons was na 'n party toe.

Waar? -- Ndabezitha.

Wag nou 'n bietjie. Wanneer was die party by Ndabezitha?

-- In die nag.

Watter jaar? -- 1961.

Hoe lank na jy aangesluit het? -- Kort na ek aangesluit het.

Nou ken jy die man, Ndabezitha? -- Nee, ek ken hom nie.

Het jy hom gesien by die huis die aand? -- Daar was baie mense by die party. Ek het hom nie geken nie.

Wie het vir jou gesê om na hierdie party toe te gaan? -- Beskuldigde No. 23.

Nou kyk of jy die Ndabezitha, of laat ek liewers vir jou sê mense wat daardie party bygewoon het, by Ndabezitha se huis, of jy enigeen van hulle in die Hof sien. -- Niemand in die voorste ry nie. He. 22. Dit is al in daardie ry. Niemand in daardie ry nie. Niemand in daardie ry nie, ek ken hulle nie. Ek ken nie daardies nie.

Nou wat se party was dit gewees? -- Dis gesê die 'n party van die organisasie.

Watter organisasie? -- Van die A.N.C.

Wat het daar by die party gebeur? -- Ons het maar net daar gespeel met geld.

Wat jy met die geld gespeel? -- Enigiets wat jy wou gekoop het, 'n appel of so, enigiemand gekoop om te sing.

En dan wat het van die geld geword wat julle gekoop het voor? -- Nee, ek weet nie.

Wat was die doel gewees van die vergadering, van die geld? -- Dis gesê dit word daar bymekaar gemaak vir die organisasie.

Watter organisasie? -- Van die A.N.C.

Jy het nou gesê dat jy het vir 22 daar gesien, 23 het jou kennis gegee van die party. Het 23 die party bygewoon of nie? -- Ja, hy was daar.

Het jy ooit na Nguthle se huis gegaan? -- Nee, ek

was nooit daar nie.

Jy het nou aan die Hof vertel dat jy was in kennis-gestel deur No. 23 van 'n vergadering, nê? -- Ja.

Het No. 23 vir jou net van een vergadering in kennis-gestel of meer vergaderings? -- Meer as een.

Hoeveel? -- Ek dink dit was drie.

Waar is hierdie drie vergaderings gehou? -- In die bos.

Waar in die bos? -- Nyanga Wes.

Wanneer is hierdie vergaderings gehou, kort na mekaar of lank uitmekaar uit? -- Kort na mekaar.

Ongeveer wanneer was dit gewees, watter jaar? -- 1961.

Kan jy onthou watter maande dit ongeveer was? -- Ek dink dit was in Mei, ek is nie seker nie.

Nou het beskuldigde 23 elke keer vir jou gesê daar is 'n vergadering, jou kom kennis gee? -- Ja, hy het naby my gebly.

Wanneer was die vergaderings gehou? Watter tyd van die dag of nag? -- In die nag.

Wie was die sprekers op hierdie vergaderings? -- Nguthle.

Aldrie kere? -- Ja, by aldie.

Afgesien van die feit dat 23 van die vergadering kennis van gegee het, het hy dit bygewoon of nie? -- Ja, hy het gegaan.

Was dit daar op die vergaderings gesê deur Nguthle of iemand anders wat se vergaderings dit was? -- Ja, hy het gesê.

Wat se vergaderings was dit? -- Van die A.N.C.

Wat was op die vergaderings bespreek gewees? -- Dit is daar bespreek dat dit moet gestaak word.

Watter doel? Het hulle gesê? -- Vir drie dae nie werk toe gaan nie.

Hoekom? Is dit gesê? -- Dit was die besluit gewees by Ngungungdhlovu, Durban.

Dis Pietermaritzburg. Het hulle gesê wat se besluit was dit wat daar geneem was, deur wie dit geneem was? --

Nee, dit is nie gesê nie.

Is dit alles wat Nguthle gesê het of is dit wat ander persone ook gesê het, wat jy nou aan die Hof vertel? --

Deur Nguthle.

Ja, wat was daar nog gesê? Ken jy onthou? Enigiets anders? -- Dat die busse nie moet loop nie, gedurende die staking.

Ja, nog iets? -- Niks anders nie.

Nou kan jy onthou watter van die beskuldigdes het hierdie drie vergaderings in die bosse bygewoon? -- Nee, ek sal hulle nie ken nie, dit was in die nag.

So jy weet net van No. 23? -- Ja, en 22.

Behalwe 23...

HOF: Jy sê jy weet net van 23 en 22. Was 22 by enige van hierdie vergaderings gewees of nie, die vergaderings in die bos, behalwe die eerste een wat jy sê waar hy was? -- Ja, hy was daar.

AANKLAER: Het enigiemand anders jou ooit van vergaderings in kennis gestel of partye, behalwe No. 23? -- Nee.

Het jy ooit op enige stadium enige pamflette gesien by enige van die vergaderings? -- Ja.

Wat kan jy die Hof van die pamflette vertel? -- Die pamflette is aan ons uitgegee om af te lewer by die huise.

Wie het dit uitgegee? -- Nguthle.

Wie het almal pamflette gekry wat jy weet? Het jy self pamflette gekry? -- Dit was ek, Loza, Mqikela.

Waar is Loza, is hy in die Hof? -- No. 22.

En Mqikela sal jy kyk of hy in die Hof is. -- Nie in die voorste ry nie.

Tweede ry? -- Nie in die tweede ry nie.

Derde ry? -- Nie in daardie ry nie.

Volgende ry? -- 34.

Nou waar presies was die pamflette aan julle oorhandig? Was dit op 'n vergadering of nie op 'n vergadering gewees nie? -- By 'n vergadering.

Een van hierdie in die bos of nie? -- Ja.

Nou No. 34, het jy gesien toe die pamflette aan hom handig was? -- Ja.

Was hy ook op die vergadering of nie? -- Ja.

Jy het nou vertel dat die pamflette aan julle oorhandig was. Het jy alleen geloop om die pamflette te gaan versprei of was enigiemand saam met jou? -- Saam met No. 22.

Ja, en wat van 34? Weet jy wat van hom geword het? -- Hy het aan die anderkant van die straat geloop saam met 'n ander een wat ek nie geken het nie.

En het julle pamflette versprei of nie? -- Ja.

Ja en wat het toe van die pamflette geword? -- Toe ons in 'n ander straat gegaan het, die vier van ons is toe gearresteer.

Deur die polisie? -- Ja.

En wat het van die pamflette geword? -- Deur die polisie geneem.

Sal jy die pamflet herken as jy dit weer sien? -- Nee.

Het jy ooit hierdie pamflet self gelees? -- Nee.

Was julle nog dieselfde aand gearresteer? -- Ja.

Alvier van julle? -- Twee van ons.

Wat het van die ander twee geword? -- Hulle het weggehardloop.

En watter twee was gearresteer? -- Ek en 22.

Op watter manier het julle die pamflette uitgedeel daar? -- Onder deur die deur gesit.

Toe jy 'n lid van die A.N.C. was, het jy ooit aan 'n sel behoort of nie? -- Nee.

Het jy enige spesifieke leier gehad toe jy aan die A.N.C. behoort het? -- Ja.

Wie was jou leier gewees? -- 23.

Nou kan jy net verduidelik hoekom sê jy No. 23 was jou leier gewees? Was hy ander persone se leier ook? -- Ek weet nie van ander mense nie, ek praat namens myself. Hy het naby my gebly.

Hoekom sê jy hy was jou leier? Da's wat ek wil hê jy moet

moet vir die Hof verduidelik. -- Alle instruksies het ek van hom gekry.

Nou behalwe hierdie vergaderings en party wat jy bygewoon het en die vergaderings in die bosse, het jy enige ander vergaderings bygewoon of byeenkomste? -- Nee.

Het jy geld betaal op enige stadium? -- Ja.

Hoeveel keer? -- Ek dink twee keer.

Hoeveel elke slag? -- 10 sent elke keer.

Aan wie het jy dit betaal? -- 23.

Weet jy waarvoor het jy hierdie 10 sent betaal? -- Nee, dit is net aan my gesê dit is vir die organisasie.

Wie het vir jou gesê? -- Nguthle het dit verduidelik by die vergadering.

Weet jy iets van die African Youth League? -- Nee, niks.

Het jy nie vergaderings bygewoon nie? -- Ja, een keer.

Waar was dit gewees? -- In Nyanga-wes.

Kan jy onthou wanneer was dit gewees? -- Ek dink dit was in 1962.

Het jy alleen gegaan of saam met enigiemand? -- Ek het alleen gegaan.

Hoe het jy geweet van die vergadering? -- Toevallig het ek maar net daar verby gegaan en ek het die vergadering gesien.

Na jy gevang was hier in 1961, toe jy die pamflette versprei het, het jy toe nog 'n aktiewe deel geneem in die bedrywighede van die A.N.C.? -- Ja.

Wat het jy toe gedoen daarna? -- Na ek gearresteer is, het ek toe niks weer gedoen nie.

Nooit daarna weer enige vergaderings bygewoon nie? -- Nee.

Het jy toe nog belang gestel in die organisasie of het jy toe belang verloor na jou arrestasie? -- Nie meer belang gestel nie.

MR. WEINKOVE CROSS-EXAMINES: Was the African Youth League

in existence at the time when you joined in 1961? -- I didn't know about it.

The meetings that you attended were they in public? Could anybody come? -- Yes.

Were they held in the open? -- Yes.

Was there anything secret about these meetings? -- I didn't see anything being concealed.

Can you explain then why they were held then in the night in the bush where there was no light? I'm talking about these meetings in the bush at night. -- Yes.

Are you also talking about them? -- Yes.

You say there was nothing secret about those meetings? -- Those people that was present, nothing was concealed there.

Could anybody come and join the meeting? -- No.

Why do you say that? -- We were told that all the people that were there were only A.N.C. people.

But when you first came there you weren't an A.N.C. person, were you? The first meeting you went to in the bush. -- I was.

AANKLAER: Ek dink daar is 'n misverstand. Die eerste een het hy geseë waar hy aangesluit het was tussen die huise gewees en toe daarna het hy drie in die bos bygewoon.

HOF: Die eerste een was in die veld gewees. Die vergadering was in die bos.

MR. WEINKOVE: Did you not think it was strange for this organisation to hold its meetings in the bush in the dark like that? -- No, I was not surprised.

Did you attend other meetings in the bush like that? -- It was not only one, there were three.

You told the Prosecutor that you can't point out the people who were at this meeting because it was too dark there. Is that correct? -- Yes.

Were there no lights? -- No lights.

And didn't that seem strange to you to hold a meeting where you can't even see who is there? -- I was not surprised.

You say you didn't, didn't you think there was something suspicious about these meetings held in the bush in the dark like that? -- No.

Have you ever belonged to any organisation that held meetings in the bushes? -- No, I was never a member.

When did you first find out that the A.N.C. was banned? -- When I was arrested.

You were in prison at Roeland Street after your arrest, weren't you? -- Yes.

I put it to you that that is the first time that you ever saw accused No. 34. At the jail in Roeland Street. -- That was not the first time.

Were you charged with distributing these pamphlets? -- I was arrested.

Were you ever tried for it in Court? -- Yes, we were taken to Court.

And wasn't the charge withdrawn against all of you? -- Yes.

Have you ever heard of the National Action Council? -- No.

Were you told about the conference at Pietermaritzburg? -- Yes, we were told at the meeting.

I want to put it to you that these pamphlets were issued by the National Action Council in terms of a resolution taken at Pietermaritzburg.

COURT: The witness said he knows nothing, never read the pamphlet or anything.

MR. WEINKOVE: And I want to put it to you that the A.N.C. had nothing to do with these pamphlets. -- I don't know about that.

I want to put it to you further that you never saw accused No. 22 or 23 or 34 at meetings in the bush such as you described. -- I saw them.

Now who told you that this was an A.N.C. meeting? -- Nguthle.

When did he tell you this? -- He did not tell me



personally, he told us at the meeting.

Did you think that you were doing anything wrong in distributing these pamphlets? -- No.

Wasn't it strange that you were distributing the pamphlets in the night? -- No, it wasn't strange.

How were you told to distribute these pamphlets at the doors of the houses or were you told to leave them in lavatories? -- At the doors.

If they would have mentioned lavatories at this meeting, if you'd been told that they must be left in lavatories, would you have heard it? -- Yes, I would have heard it.

Did you hear any mention of leaving the pamphlets in the lavatories? -- No, those that we distributed nothing was said about lavatories.

Now where have you been living since 1961, where have you been staying? -- Nyanga.

You say you have been to a meeting of the African Youth League. -- Yes.

Have you lived in Nyanga ever since 1961? -- Yes.

What is the African Youth League? Do you know? -- No, I don't know.

Did anybody ever tell you that the African Youth League was the same as the A.N.C.? -- No.

Do you know the Vigilance Association? -- Yes.

What position does No. 23 hold in the Vigilance Association? -- I don't know.

Isn't he on the committee of the Vigilance Association? -- I don't know.

Have you been to their meetings? -- Yes.

Have you heard No. 23 speak at their meetings? -- Yes.

Did 23 ever come to fetch you for Vigilance Association meetings? -- No.

Where were these Vigilance Association meetings held? -- I don't know.

The ones you went to. -- Nyanga West.

Were they held in the bushes? -- No.

Were they held inbetween the houses? -- Yes.

These three meetings you told the Court about, weren't they Vigilance Association meetings held inbetween the houses?

-- No.

You say that Looksmart spoke at these meetings? Nguthle.

-- Yes.

Now did he tell you that you must keep it a secret that you belong to the A.N.C.? -- No.

Did he tell you to recruit members for it? -- Yes.

Now what year is it now? What is this year today? -- 1964.

How many years ago was 1961? -- This is the third year.

Are you sure that the meetings you're talking about were held in 1961? -- Yes.

Why do you remember so clearly? -- Because that is when I joined up.

When did you make a statement to the police? -- Just recently, month before last.

Did you not make a statement to the police in 1961 after your arrest? -- No.

Was it easy for you to remember a few months ago what happened in 1961? -- Yes.

Were you shown any photographs? -- Where?

By the police. -- No, I was never shown any photographs.

ONDERVRAGING DEUR AANKLAER: HAMILTON MPEBE: v.o.e.

(HOF: waarsku getuie - medepligtige).

Jy is 'n volwasse Bantoeman? -- Ja.

Woonagtig te Llanga. -- Ja.

Het jy ooit aan die A.N.C. behoort? -- Ek het aangesluit maar onwetend dat ek 'n lid was.

Hoe bedoel jy? Kan jy dit net verduidelik? -- 'n Man by die naam van Mzonke het by my gekom en gesê ek moet aansluit by 'n klub.

Wat het die klub geblyk te wees? -- Om persone te

help wat altemit wil huistoe gaan.

Nou hoe het dit gelyk? Hoe bring jy nou die klub in verband met die African National Congress? -- Dit het niks te doene met die A.N.C. nie.

Weet jy iets van die Youth League af? -- Ja, die ken ek.

Het jy daaraan behoort? -- Dit is die wat ek nou bedoel, toe ek my kry toe is ek nou 'n lid daarvan onwetend.

Jy sê jy het by 'n klub aangesluit op versoek van 'n man met die naam van Mzanwonke, M z a n w o n k e. -- Ja.

Wanneer was dit gewees? -- 1962.

Moes jy toe jy aangesluit het by die klub, enige ledegeld betaal? -- Ja, hy het vir my gesê 2/-.

Het jy dit betaal? -- Nie op daardie oomblik nie, maar ek het dit nie gehad nie.

Jy het dit later betaal? -- Ongeveer 'n maand daarna.

Nou moes jy enige vergaderings bywoon toe jy by die klub aangesluit het? -- Op 'n sekere dag het hy my kom haal.

Waarheen het julle gegaan? -- By 'n ander huis, Zone 22.

Llanga? -- Ja.

Daar aangekom, was daar ander persone gewees? -- Ja, daar was drie mans in die huis.

Het jy enige van hierdie drie geken? -- Een van hulle.

Wat was sy naam? -- Hendriks.

Kyk hier in die Hof of jy vir Hendriks sien. -- Nie in die voorste ry nie. Nie in hierdie ry nie. Ook nie in hierdie ry nie. In hierdie ry, ja.

Nommer? -- 36.

Was dit daar aan jou verduidelik wat se vergadering dit nou eintlik was? -- Nee, diepersoon wat my geneem het, het my net voorgestel aan hierdie mense.

As wat? -- Hy het net gesê dit is 'n ander man hierdie ook 'n lid van ons.

Nou wanneer ongeveer het hierdie vergadering of byeenkoms in Llanga plaasgevind? -- In 1962.

Kan jy onthou watter maand dit was naastenby? --

Nee, ek onthou nie watter maand nie.

Vroeg of laat in 1962? -- Die begin so rondom Maart, April.

Het julle toe vergadering gehou of 'n byeenkoms daar by mekaar gehad en gesels die dag? -- Na hy my voorgestel het, toe het een van hierdie mans opgestaan.

Ja en wat toe? -- Hy het toe gesê ons neem hom aan. Ons wil goeie mense hier hê.

Ja, gaan aan. -- Hulle het my toe gevra om uit te gaan. Hulle het toe daar agter gebly in die kamer saam met hierdie man wat my vergesal het.

Ja, wat het toe van jou geword? -- Ek is toe na my huis toe.

Het jy toe weer vir Hendriks daarna gesien, No. 36? -- Ja, ek het hom daarna gesien.

Kort daarna of lank daarna? -- Taamlike rukkie daarna.

Waar het jy hom gesien? By jou huis? -- In my huis.

Wat het hy daar kom maak? -- Hy was saam met Mzanwonke.

Ja, wat het hulle daar kom maak? -- Mzanwonke het geld gehad, hy het dit daar by my gelos dat ek dit moet bêre, 40 sent.

Het hy gesê wat se geld dit is? -- Hy het gesê dit is geld om enigeen te help wat in moeilikheid raak, hy sal dit weer later kom haal.

Wat se moeilikheid? -- Enige moeilikheid en hy het toe bygevoeg, hy sê destyds is daar sekere persone wat gearresteer is.

Het hy die geld toe by jou gelaat. Het hy enige verdere geld by jou gelaat, enigiemand, behalwe hierdie 40 sent wat Mzanwonke by jou gelaat het? -- Daarna, kort daarna het hy toe weer gekom en hy het toe weer £1 by my kom laat.

Wie? -- Mzanwonke.

Was hy alleen? -- Saam met Hendrike, en hy het toe verduidelik en moet dit aan niemand oorhandig nie, behalwe homself of aan Hendriks.

Het jy dit toe gehou? -- Ja. Daarna, kort daarna

het Hendriks weer teruggekeer om die geld te kom haal.

Toe het hy gesê hoekom wil hy die geld hê? -- Hy het gesê Mzanwonke is gearresteer.

Het hy gesê waarvoor? -- Nee, hy het nie geweet nie.

Het hy nie vir jou gesê nie of het hy nie geweet nie?

-- Hy het my nie gesê nie.

Het jy die geld aan hom oorhandig of nie? -- Ja, hy is weg met al die geld.

Het hy gesê wat hy met die geld wil maak? -- Nee. Hy het gesê hy gaan kos koop vir die mense wat gearresteer is, Mzanwonke is ook gearresteer.

En toe waar het die klub toe heen galei, wat moes jy weer verder doen omdat jy 'n lid van die klub was? -- Daarna het Hendriks toe by my gekom en my gesê daar is 'n party.

Ja, wat is die party? -- Hy het gesê Nyanga.

Het hy gesê wat se party dit is, vir watter doel? -- Vir 'n persoon wat wou huistoe gaan.

Ja en toe het julle die party gehou, man? -- Ek persoonlik het nie gegaan nie, maar ek het vir hom 2/- gegee.

Wat hy gekollekteer het by jou? -- Ja.

As gevolg van die feit dat jy aan hierdie klub behoort het, het jy enige ander vergaderings bygewoon? -- Nee, ek het nie vergaderings bygewoon nie, behalwe dat ek Hendriks by 'n groot vergadering gesien het by die Zone.

Wat se vergadering was dit? Weet jy? -- Dit is gesê dit is Wuka Ubambi s'n.

Was dit op die vergadering gesê of waar was dit gesê? -- Daar by die vergadering.

Wie het dit gesê? -- Hendriks het dit gesê aan 'n ander man wat na Hendriks gepraat het.

Was Hendriks dan 'n spreker gewees, dat hy dit gesê het? -- Ja.

Waar het jy, waar was hierdie vergadering gehou, watter tyd van die jaar? Kan jy onthou in watter jaar? -- Ek onthou nie meer die maand nie, maar dit was in 1962 net ek voor ek met verlof gegaan het.

Kan jy onthou wanneer het jy met verlof gegaan? --  
 Ek is nie baie seker nie, maar ek dink so rondom in September,  
 maar dit is in my bewysboekie.

Het jy enigiemand anders herken op daardie vergadering  
 behalwe 36? -- Nee, daar was te veel mense want ek onthou  
 ook nie hierdie man wat na hom gepraat het nie.

Nou weet jy wat was hierdie Wuka Ubambi vergadering ge-  
 wees? -- Nee, ek weet nie.

BELT 124. -- Kan jy enige verband sien tussen jou klub en Wuka Ubambi?  
 -- Daardie dag na ek Hendriks gesien het dat hy gepraat het,  
 het ek toe maar afgelei dat dit maar een en dieselfde is.

Het Hendriks ooit iets vir jou in daardie verband gesê?  
 -- Nee.

Het jy al ooit die woord Olutja gehoor? -- Daar by  
 die vergadering gehoor.

Wat het jy gehoor omtrent die woord? -- Hulle het gesê  
 die Olutja is Wuka Ubambi.

Wie het so gesê? -- Die sprekers.

Het jy al van die woord African Youth League gehoor of  
 nie? -- Nee, ek ken dit nie.

Het jy toe as lid van hierdie klub enige partytjie wel  
 bygewoon? -- By ene wat in my huis was.

Wanneer was die een in jou huis gewees? -- In 1963.

Watter maand? -- Ek is nie seker nie, ek dink dit was  
 so rondom April.

Nou wat was dit gewees? Vertel vir die Hof wat by jou  
 huis gebeur het daardie dag. -- Hendriks en Gwija het na  
 my toe gekom. Hulle het vir my gesê daar is iemand wat graag  
 wil huistoe gaan. Hulle het nie plek waar hulle party kan  
 hou nie, nou vra hulle vir my plek.

Het jy enigiets, hierdie party was dit toe gehou? -- Ja.

Weet jy vir wie moes die geld ingesamel word? -- Nee,  
 ek weet nie, maar Gwija is weg met dit.

Sien jy vir Gwija in die Hof? -- Ek kan hom sien.

Waar is hy? -- 42.

Het jy enige ander verhoudings met Gwija gehad? -- Nee.

Het jy ooit aan enige organisasie behoort? -- Nee.

Het jy net die een partytjie bygewoon wat by jou huis bygewoon was? -- Ja.

Jy het geen ander partytjies bygewoon nie? -- Nee.

Ken jy enige ander persone hier in die Hof? Herken jy enige een? -- Niemand in die voorste ry nie. Niemand in daardie ry nie. Niemand in daardie ry nie. Ek ken vir 38.

Wie ken jy nog behalwe 38? -- Niemand anders nie.

Behalwe wat jy uitgewys het. -- Behalwe Hendriks.

Ja, volgende ry? -- 35, 42.

Hou waar ken jy 38 vandaan? -- Hy het een keer geld na my toe gebring om aan Gwija te oorhandig.

Het hy gesê wat se geld dit is? -- Nee.

Het jy niks gevra nie? Het jy enige kennis waarvoor die geld bedoel was? -- Ek het niks gevra nie. Hy het net gesê as ek Gwija sien moet ek die geld aan hom oorhandig.

CROSS-EXAMINATION BY MR. ODES: You joined this club to help people go home? -- Yes.

And Hendriks asked you to join this club? -- No.

Who asked you to join the club? -- Mzanwonke.

Now Hendriks also belonged to this club? -- Yes.

Do you know Vilele Felix Mtloko? -- No, I don't know him.

